UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

| | | | |
|---|---|---|---|
| **FACULTY** | **FACULTY OF EDUCATION AND HUMAN SCIENCES** | | |
| **SCHOOL** | **SCHOOL OF EDUCATION** | | |
| **DEPARTMENT** | **DEPARTMENT OF INTERMEDIATE AND VOCATIONAL EDUCATION** | | |
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS LANGUAGE EDUCATION 2A – LUISTER- EN PRAATVAARDIGHEDE** | | |
| **SUBJECT CODE** | **LAU3611** | | |
| **DATE** | **JUNE 2026** | | |
| **DURATION** | **3 HOURS** | **MARKS** | **100** |

## SECOND OPPORTUNITY EXAM PAPER

**Examiner:** Mrs. I. Heyman van Wyk
**Moderator:** Dr. L. Van der Merwe

**INSTRUCTIONS**

**This paper consists of 4 pages, including the cover page.**

1. **Answer all the questions.**
2. **Number as in the question paper.**
3. **Write neatly and legibly.**
4. **Follow instructions to earn the allocated marks.**

# UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATIONS

**Luister- en Praatvaardighede**

**VRAAG 1**

**1.1** Onderskei tussen die vaardighede **hoor** en **luister** deur na drie verskille te verwys. **(6)**

**1.2** Een van die belangrikste hulpmiddels wat 'n onderwyser tot sy beskikking het, is om leerders aan storievertelling bekend te stel.

**i)** Bespreek die waarde van stories om luister- en praatvaardighede te ontwikkel. **(12)**

**ii)** Bespreek die wyse van storievertelling om luister- en praatvaardighede te versterk. **(6)**

**1.2** Wanneer die Afrikaansonderwyser 'n luisteraktiwiteit (luisterles) vir die leerders beplan, is daar bepaalde aspekte waaraan aandag geskenk word. Verskaf 'n duidelike uiteensetting van alles wat tydens so 'n luisteraktiwiteit kan skeefloop EN wat die Afrikaansonderwyser kan doen om dit te probeer vermy. **(12)**

**1.4** Identifiseer twee luisteraktiwiteite en verduidelik hoe dié aktiwiteite luister sal bevorder deur die aangehegte luisterteks (Bylaag 1) te gebruik. Verduidelik elk van die aktiwiteite volledig. **(6)**

**1.5** Bespreek hoe die volgende faktore effektiewe luister kan beinvloed:

**1.5.1** Verbale aanbieding

**1.5.2** Fisiese omgewing

**1.5.3** Siekte

**1.5.4** 'n Arm ervaringsagtergrond **(8)**

**[50]**

**VRAAG 2**

**2.1** Bespreek maniere waarop huiwerige of onwillige leerders aangemoedig kan word om in die klas aan praataktiwiteite deel te neem. **(16)**

**2.2** Onderskei tussen **formele** en **informele taalgebruik** en gee **een voorbeeld** van elk. **(6)**

**2.3** Onderskei tussen 'n debat en 'n paneelbespreking met verwysing na die wisselwerking tussen luister- en praatvaardighede. **(10)**

**2.4** Na aanleiding van die aangehegte teks, formuleer **twee** praataktiwiteite waar die volgende tegnieke gebruik kan word om praatvaardighede te ontwikkel.
Baseer die aktiwiteite op die luisterteks.
(i) Klasbespreking
**(ii)** Rolspel **(4)**

**2.5** Bespreek enkele wenke wat die taalonderwyser in ag moet neem tydens mondelinge assessering. **(3)**

**2.6** Lys die kriteria waarna gekyk sal word as die voorbereide toespraak geassesseer word. **(5)**

**2.7** Aan die hand van voorbeelde, verduidelik die verskil tussen **vlotheid, korrektheid en toepaslikheid** by die evaluering mondeling soos in die sillabus vereis. **(6)**

**[50]**

**[TOTAAL: 100]**

**Bylaag 1**

**Die leeu en die vlieg**

Op 'n dag vervies Leeu hom vir Vlieg en sê: "Gaan weg jou vieslike gogga! Hoekom pla jy my so?"





Hiervan hou Vlieg net mooi niks. "Moenie dink omdat jy die koning van die diere is, is ek bang vir jou nie! Os is baie sterker as jy en hy is versigtig vir my!" sê Vlieg.

Vlieg is so kwaad vir Leeu dat hy op Leeu afvlieg. Hy kry 'n sagte plekkie aan Leeu se nek en begin om hom te steek en te steek. Leeu word byna mal van woede. Skuim borrel by sy bek uit. Hy rol sy oë en brul die vreeslikste brul.

Vlieg hou aan om Leeu te byt. Hy byt hom eers aan sy rug, daarna aan sy mond en toe op sy gevoelige neus. Leeu se skerp tande, groot kloue en lang naels is magteloos teen Vlieg. Leeu krap homself naderhand stukkend en slaan homself met sy stert soos hy probeer om Vlieg weg te jaag. Uiteindelik val hy doodmoeg op die grond neer. Die klein ou vliegie het die geveg gewen!

Vlieg is só in sy skik met sy oorwinning dat hy oral rondvlieg om by almal te spog hoe hy die grote Leeu in 'n geveg gewen het. Terwyl hy nog so rondvlieg en spog, vlieg hy karplaks! in 'n spinnekop se web vas. Die spinnekop is baie in sy skik met dié onverwagte sagte happie en slaan die arme Vlieg vinnig weg.





[Verwerk uit: *Die Mooiste Dierefabels*, Fantasi 2013]